Paraffin Safety Association
Southern Africa

AFRIKAANS

# Paraffien-veiligheid begin by jou

## BEMAGTIG JOUSELF!
## Lees hierdie boekie en deel die kennis daarin met ander mense.



*Die mag is in jou hande!*

Paraffien-veiligheid gaan daaroor om ongelukke en beserings wat deur paraffien veroorsaak word, te vermy. Dit gaan daaroor om te weet hoe om paraffien veilig te bêre sodat niemand vergiftig word nie. Dit gaan daaroor om te weet hoe om paraffien veilig te gebruik sodat ons nie brande begin nie.



## PARAFFIEN – 'N NUTTIGE BRANDSTOF

### Watse verskillende soorte energie of brandstof het jy in jou huis?

| Merk (✓) die verskillende soorte energie of brandstof wat jy gebruik. | Skryf waarvoor jy elke soort gebruik. | Wat is die gevare van elke soort brandstof? Watse soort beserings kan dit veroorsaak? | Merk (✓) watter soort brandstof duur is. |
|---|---|---|---|
| hout | | | |
| paraffien | vir kook | | |
| elektrisiteit | vir beligting | | |
| olie | | | |
| gas | | | |
| steenkool | | | |
| ander | | | |

Verskillende soorte energie en brandstof kan baie nuttig wees, maar dit kan ook baie gevaarlik wees. 'n Foutiewe elektriese toestel kan jou skok. Warm kole kan jou brand. Paraffien kan ontplof as dit met petrol gemeng is.

Duisende kinders word elke jaar vergiftig omdat hulle per ongeluk paraffien gedrink het.

**ONTHOU**

**Brandstowwe kan baie nuttig wees, maar hulle kan gevaarlik wees en kan skade of beserings veroorsaak.**

## PARAFFIEN IS **GEVAARLIK,** VERAL VIR KINDERS



*Onderhoudvoerder*

**Onderhoudvoerder:** *Wat gebeur as 'n kind paraffien drink?*

**Verpleegster Mzo:** Die paraffien gaan na die maag. Terselfdertyd kan dit ook in die longe inbeweeg. Of die kind kan paraffien insluk en opgooi. Dan kom die paraffien op vanuit die maag en kan in die longe inbeweeg.

**Onderhoudvoerder:** *Is dit waarom 'n mens nie 'n kind moet laat opgooi as sy paraffien gedrink het nie?*

**Verpleegster Mzo:** Ja. Moet nooit 'n kind die paraffien laat opgooi nie, want dit kan in die longe ingaan.

**Onderhoudvoerder:** *Wat gebeur wanneer paraffien in die longe is?*

**Verpleegster Mzo:** 'n Kind se longe is so klein dat selfs net 'n klein slukkie paraffien sal versprei en die hele longoppervlak bedek. Die longe swel op, word beskadig en die kind kan nie asemhaal nie. Die kind kan longontsteking kry wat haar kan doodmaak as dit nie behandel word nie.

**Onderhoudvoerder:** *Hoe weet ons of 'n kind paraffien gedrink het?*

**Verpleegster Mzo:** Gebruik jou sintuie:

- Kyk of daar 'n oop bottel is enof daar paraffien gemors is.
- Ruik aan die kind se klere en mond vir paraffien.
- Kyk of die kind behoorlik kan asemhaal.

**Onderhoudvoerder:** *Wat moet 'n mens vir die kind gee?*

**Verpleegster Mzo:** MOET NIKS GEE nie!
Moenie enige kos, iets te drink, of medisyne gee nie.
Moenie die kind laat opgooi nie.
DOEN die volgende:

- Neem die paraffien weg.
- Verwyder klere wat deurweek is van paraffien.
- Was paraffien van die vel af.
- Kry die kind DADELIK by die hospitaal of kliniek.



*Verpleegster Mzo*

## **VOORKOM** PARAFFIEN-VERGIFTIGING



2 VOORKOM PARAFFIENVERGIFTIGING — AFRIKAANS

**Bêre paraffien HOOG waar kinders dit nie kan bykom nie**


**Paraffien is giftig. Dit kan doodmaak as dit nie behoorlik behandel word nie.**

- Bêre paraffien buite sig en buite bereik van jong kinders. Dit is die beste om dit in 'n geslote kas te hou.
- Bêre paraffien in 'n spesiale bottel. Merk die bottel duidelik met die woord "Paraffien" daarop. Moet dit nie in 'n koeldrankbottel of melkhouer bêre nie.
- Sit die prop terug op die paraffienbottel nadat jy dit gebruik het.
- Gebruik 'n tregter om paraffien oor te gooi. Moenie 'n koppie gebruik nie.
- Bêre die tregter waar kinders dit nie kan bykom nie.

### Hoe veilig is jou huis teen vergiftiging?

Doen jy die volgende:

- Maak jy seker dat jou kind altyd by 'n volwassene gelaat word, want jy weet dat die meeste ongelukke gebeur wanneer kinders op hul eie gelaat word?
- Bêre jy alle giftige stowwe soos paraffien HOOG en WEG waar kinders dit nie kan bykom nie?
- Bêre jy gifstowwe soos paraffien in 'n toegesluite kas?
- Bêre jy paraffien weg van kos af?
- Hou jy paraffien in 'n spesiale bottel wat net vir paraffien en niks anders gebruik word nie?
- Merk jy die bottel 'PARAFFIEN'?
- Gebruik jy 'n veiligheidsprop op die bottel wat kinders nie kan oopmaak nie?
- Gebruik jy 'n tregter en nie 'n koppie nie, om paraffien mee oor te gooi?
- Gebruik jy die tregter net vir paraffien en vir niks anders nie?
- Bêre jy die tregter waar kinders dit nie kan bykom nie?



### Maak 'n tuisgemaakte tregter om paraffien mee oor te gooi:

**Jy benodig:**

'n Leë 500ml plastiekbottel en 'n mes.

**Wat om te doen:**

- Sny die bokant van die bottel af.
- Gebruik dit net om paraffien mee oor te gooi en niks anders nie.
- Bêre dit HOOG en WEG waar kinders dit nie kan bykom nie.
- Maak oral skoon waar daar paraffien gemors het, sodat dit nie 'n brand kan veroorsaak nie.

Daar is elke jaar baie brande wat veroorsaak word deur mense wat paraffien gebruik. Baie van hierdie brande begin omdat daar iets verkeerd was met die toestel of omdat dit aan gelos is terwyl niemand dit dopgehou het nie.

Ons kinders, ou mense, fisies-gestremdes en siek mense loop die grootste gevaar tydens 'n brand – hulle kan nie vinnig van die gevaar ontsnap nie. Hulle loop die gevaar van ernstige brandwonde of selfs die dood.

**ONTHOU**

**Selfs net 'n klein bietjie petrol in paraffien kan 'n ontploffing veroorsaak.**


7 VOORKOM PARAFFIENBRANDE AFRIKAANS

**GROOT BRANDE BEGIN met 'n KLEIN vlam**

**Hou fyn toesig wanneer jy paraffientoestelle gebruik.**

- Hou toestelle op 'n stewige tafel en weg van enigiets wat kan brand.
- Hou toesig oor enige kinders waar daar vlamme is.
- Voordat jy gaan slaap, en as daar niemand by die huis is nie, moet jy:
  - Alle toestelle AFSKAKEL
  - Alle vlamme BLUS

## 6 veiligheidswenke:

1. Bêre enige toestelle en enigiets wat kan brand HOOG waar kinders dit nie kan bykom nie.
2. Hou toesig waar daar enige vlamme is.
3. Hou kinders fyn dop wanneer 'n toestel aan is.
4. Sit die toestel uit die pad uit waar dit nie omgestamp kan word nie.
5. Skakel die toestel af wanneer jy die kamer verlaat of wanneer jy gaan slaap.
6. Hou 'n emmer met droë sand naby jou paraffien-toestel, om 'n paraffien-brand mee te blus. Moenie water gebruik nie – dit sal die brand laat versprei. Mik die sand na die onderkant van die vuur en nie na die vlamme nie.



William McIntosh



| **Voordat jy die toestel aanskakel, doen jy die volgende:** | JA |
|---|---|
| Maak jy seker dat daar geen skade aan enige van die dele is nie en dat die toestel reg aanmekaar gesit is? | |
| Maak jy seker dat die toestel op 'n plat en gelyk oppervlak staan? | |
| Waai jy die lug naby die brander of pit om van die walms ontslae te raak? | |

| **Voordat jy die paraffien ingooi, doen jy die volgende:** | JA |
|---|---|
| Maak jy seker dat die paraffien helder van kleur is, soos water? | |
| Maak jy seker dat dit nie pienk, groen of enige ander kleur is nie – dit sou beteken dat dit met petrol gemeng is. | |
| Ruik jy aan die paraffien om seker te maak dat dit nie na petrol ruik nie? | |

*As jy dink dat jou paraffien besoedel is, of met petrol gemeng is, neem dit na dan terug na waar jy dit gekoop het. Vra die winkel om die verskaffer te bel en om die Paraffin Safety Association by 0861 22 44 22 te bel.*




| **Wanneer jy volmaak of hervul, doen jy die volgende:** | JA |
|---|---|
| Skakel jy die toestel AF en maak seker dat dit KOEL is? | |
| GEBRUIK jy slegs PARAFFIEN en geen ander brandstof in die toestel nie – nie petrol nie, nie brandspiritus of water nie? | |
| Gebruik jy altyd 'n TREGTER om die paraffien mee oor te gooi? | |
| Hervul en maak jy dit buitekant vol in geval jy mors? | |
| Maak jy SKOON waar jy gemors het, omdat dit 'n brandgevaar is? | |

| **Wanneer jy die toestel gebruik, doen jy die volgende:** | JA |
|---|---|
| Skakel jy die toestel AF voordat jy dit dra of beweeg? | |
| Laat jy vars lug in die kamer in om van die giftige paraffienwalms ontslae te raak wat hoofpyne, duiseligheid, asma, hoes en oogprobleme kan veroorsaak? | |
| Hou jy alles wat kan brand ten minste 1 meter van die toestel af weg? | |
| LEES en volg jy die instruksies oor hoe om die toestel reg te laat werk? | |

WAT OM TE DOEN TYDENS 'N **BRAND**

**Wees gereed vir 'n noodgeval sodat jy kan kalm bly en VINNIG OPTREE.**

| **Noodstappe tydens 'n brand** |
| --- |
| **Stap 1: Maak alarm**<br>Skreeu, "Brand! Brand!" Maak almal wakker en GAAN UIT. |
| **Stap 2: Kruip laag om van die giftige walms weg te kom**<br>As die huis reeds aan die brand is en vol rook is, val op die grond en kruip so laag as moontlik – dit is makliker om daar asem te haal. |
| **Stap 3: Gooi droë sand**<br>Indien dit veilig is, gooi droë sand onder op die vuur. Moenie water op die vuur gooi nie – dit sal die vuur laat versprei. |
| **Stap 4 : STOP! VAL! ROL!**<br>As iemand aan die brand is, laat hulle STOP, op die grond VAL en RONDROL om die vlamme te blus. |
| **Stap 5: Bel die brandweer of die polisie**<br>Maak 'n oop pad vir die brandweer of nooddienste. Hou almal uit die brandende geboue. |



Kruip laag om van die brand te ontsnap.



Hou droë sand byderhand.



STOP! VAL! ROL!

**Maak 'n noodplan wat almal in jou gesin ken.**

| **Kry die noodnommers op die voorste bladsye van jou plaaslike telefoongids. Skryf dit hier neer en hou dit waar jy dit maklik in die hande kan kry.** | **Telefoon** |
| --- | --- |
| **Algemene noodgevalle** | **10177 (nasionaal)** |
| **Naaste brandweerstasie** | |
| **Polisie** | **10111 (nasionaal)** |
| **Ambulans** | **10177 (nasionaal)** |
| **Vergiftigingssentrum** | |

**Hoe om 'n noodoproep te maak:**

- Praat stadig en duidelik.
- Verduidelik:

  Waaroor die noodgeval gaan.


  Wat besig is om te gebeur en wat jy nodig het.

  Waar die noodgeval is.

  Wat jou naam en telefoonommer is.

  Enige ander inligting waarvoor hulle vra.

BEHANDEL ALLE **BRANDWONDE** AS ERNSTIGE BESERINGS



11 BRAND-AKSIE AFRIKAANS

**Tree vinnig op om 'n BRANDWOND AF TE KOEL**



**Week die brandwond in koel water vir 20 minute.**

- MOET NIKS op die brandwond sit nie – NIE botter, olie, vaseline, room, tandepasta, ys of medisyne NIE. Dit sal die brandwond vererger.
- Neem die kind dadelik na 'n hospitaal of kliniek.

**Tree vinnig op om 'n brandwond te verkoel**

- Hou die brandwond in koel water vir ongeveer 20 minute. Of laat koel water liggies oor die brandwond spoel vir 20 minute. Moenie dat die water baie sterk oor die brandwond spoel nie, want dit kan meer skade veroorsaak.
- Wees versigtig om nie klere te verwyder wat aan die vel vasklou nie. Week liewer die brandwond in koel water met die klere en al.
- Wees VERSIGTIG. Gebrande vel kan nie hitte behou nie. So hou die persoon warm terwyl en nadat jy die brandwond verkoel.
- Gebruik 'n kouewater-kompres vir groter brandwonde.
- Gebruik *Burnshield* as jy dit het. Dit is 'n brandwond-verband wat jy by die meeste apteke kan kry.
- Kry die persoon so gou as moontlik by 'n hospitaal of kliniek, veral kinders.

**Hoe om 'n kouewater-kompres te maak**

**Jy benodig:**

'n Skoon handdoek of dik lap, koue water en 'n oopgeweefde verband.

**Wat om te doen:**

- Week die handdoek of dik lap in koue water.
- Maak die handdoek oop en sit dit op die brandwond.
- Verfris die handdoek elke 10 minute met koue water.
- Die handdoek moet koel wees om effektief te wees.
- Jy kan ook die handdoek met 'n oopgeweefde verband toedraai om dit in posisie te hou.



# HOE **VEILIG** IS JOU HUIS?

## Waarom is hierdie huis ONVEILIG en ONGESOND?


| Merk (✓) Ja of Nee | JA | NEE |
|---|---|---|
| Is die paraffientoestel op 'n gelyk oppervlakte? | | |
| Is die toestel in 'n plek waar niemand daaroor kan val nie? | | |
| Is die toestel weg van goed wat kan brand? | | |
| Is daar 'n venster oop wanneer die toestel aan is? | | |
| Hou 'n verantwoordelike volwassene die toestel wat AAN is, dop? | | |
| Is die toestel AFGESKAKEL terwyl die persoon dit hervul? | | |
| Is daar 'n emmer droë sand byderhand? | | |
| Is die paraffien hoog en weg waar kinders dit nie kan bykom nie? | | |




Wat is nog verkeerd in hierdie huis?

## Waarom is hierdie huis VEILIG en GESOND?

| Merk (✓) Ja of Nee | JA | NEE |
|---|---|---|
| Is die paraffien HOOG en WEG? | | |
| Is die paraffien in 'n bottel wat kinders nie kan oopmaak nie? | | |
| Het die bottel 'n veiligheidsprop op? | | |
| Word die prop teruggesit op die bottel nadat dit gebruik is? | | |
| Word die tregter waarmee die paraffien oorgegooi word, HOOG en WEG gebêre waar kinders dit nie kan bykom nie? | | |
| Word die paraffien weg van kos af gebêre? | | |
| Is daar 'n emmer met droë sand byderhand? | | |




Wat is nog reg in hierdie huis?

Onthou die sirkels wat die klippies in die water maak ... as JY OPTREE om jou huis veiliger te maak, dan is jy veiliger, jou bure is veiliger, en jou hele gemeenskap is veiliger.

**Ons doel is eenvoudig:** Om die aantal voorvalle van paraffien-verwante sterftes, beserings en vergiftigings drasties te laat afneem.

Die Paraffin Safety Association is 'n gesamentlike inisiatief vir maatskaplike verantwoordlikheid deur

bp CALTEX ENGEN SASOL TOTAL

Vir meer inligting, skakel die Paraffin Safety Association:

telefoon: 0861 22 44 22
epos: info@pasasa.org
webtuiste: **www.pasasa.org**

Paraffin Safety Association
Southern Africa